

*Die blinders in my sitkamer se kettinkie en toutjie het verstrengel geraak, en hoe meer ek probeer om dit van mekaar los te maak, hoe erger kloek dit saam.*

*Ek sit later plat op die grond en fokus op die deurmekaarspul hier onder op die grond. Eers word die kettinkie deur die toutjie se "loop" gedruk, maar vergeefs. Dit bly vashaak en is steeds verstrengel.*

*Moedeloos staan ek op en kyk na bo, daar waar die ketting en toutjie se beginpunt is en besluit om dit van bo af te benader.*

*Met die kettinkie in die een hand en die toutjie in die ander, is dit heelwat makliker om te sien waar watter toutjie of kettinkie moet heen en siedaar....dit is vry. Ek sit die blinders so en kyk en besef dat dit in ons eie lewe ook so is.*

*Soms is ons so gefokus op die probleem reg voor ons, dat ons vergeet om op te kyk, na bo, na God en ons hulp van daar te kry.*

*(Die Nuuskrummels se uitleg is aangepas met minder foto's en prente om tegniese probleme met die stuur van die dokument uit te skakel. Die prente en foto's is pragtig, maar maak dat die dokument te groot is en belemmer dan die suksesvolle uitstuur van die dokument na almal op die e-pos lys)*

## **NUUS UIT DIE KERKKANTOOR**

- Kantoorure: Maandag – Donderdag 09:00 – 14:00 en Vrydae 09:00 – 13:00.
- Moedersdag Sondag 9 Mei – Gelukkige Moedersdag aan al ons ma's.
- **Hemelvaart Feesdiens. Donderdag 13 Mei 19:00. Kerkkantoor gesluit.**
- **Pinksterdienste begin Sondagaand 16 Mei om 19:00.**
- **Oggenddiens Sondag 16 Mei – Boodskap: Ds. Willem Botes**
- **Pinksterdienste Sondag 16 Mei elke aand tot Donderdagaand 20 Mei om 19:00**
- **Oggenddiens Sondag 23 Mei – Boodskap: Ds. Bas Peters.**
- 250 mense word nou tydens eredienste toegelaat en weens dié aanpassing sal die laaste video-boodskap Vrydag 2 April op sosiale media beskikbaar wees. Sodra die getalle weer verminder word na 100 of 50 mense, sal ds. Petrie weer begin met aanlyn geestelike Sondae video-boodskappe.

## **FEESMARK**

- Aansoeke vir uitstallings vir die Feesmark is nou oop. Vorms is beskikbaar op die webblad en op die kerk se Feesmark Facebook-blad.

## **KOEKIES & KONFYT**

- Koekies (R20) en beskuit (R40) nou in die kerkkantoor beskikbaar!
- Druiwekonfynt (Hanepoot) nou in die kerkkantoor beskikbaar! (R40/R50)

*As ons vir jou, jou familie of vriende kan bid, stuur asseblief 'n boodskap met jou gebedsversoek na 0825605283 of stuur 'n epos na [admin@lourensrivier.co.za](mailto:admin@lourensrivier.co.za).*

*Jy kan jou naam bysit, of anoniem bly.*

*Bv. Bid asb. vir ... vir die werksonderhoud Vrydag. Of Bid vir ...wat in die hospitaal is (ens)*



## VOORBIDDING

- ◆ *Ds. Petrie de Villiers vir sy boodskap.*
- ◆ *Voorbidding vir gesondheid en beterskap vir Paul Louw en Anna Hanekom.*
- ◆ *Ons bid vir spoedige herstel na operasie vir Jean Louw.*
- ◆ *Voorbidding vir elke persoon wat siek is, in die hospitaal is en die wat tuis aansterk!*



## KINDERKERK PANNEKOEK R6

Sondag 30 Mei.

*Hoe werk dit?:*

- *Besluit hoeveel pannekoeke jy wil bestel.*
- *R6 per pannekoek*
- *Betaal die bedrag oor per EFT voor Donderdag 27 Mei vir afhaal op Sondag 30 Mei, direk na kerk.*
- *Bank info: Lourensrivier Gemeente. ABSA (Strand). Takkode: 334312. Rek.nr: 420580231*
- *Stuur jou bestelling, (naam en hoeveelheid) na 0825605283...of*
- *Bestel en betaal in die kerkkantoor, weksdae: 09:00-14:00 (021-8535991)*
- *Afsnydatum vir bestellings is Donderdag 27 Mei 14:00*
- *Kom kry jou bestelling direk na die ereediens, Sondag 30 Mei.*
- *Ons gaan elke maand pannekoek verkoop....hou die spasioe dop vir die datums.*
- *Betalings en bestellings moet asb. voor die afsnydatum gedoen word, geen kontant of bestellings sal op die Sondag waarop die pannekoeke afgehaal word, hanteer word nie.*



**29 MEI 2021**  
**KERSMARKTE**  
**KEURING SLUITINGSdatum**  
**vir Uitstallers**

Uitstallers moet self onderskeie markte van hul keuse (sien opas adres) kontak om meer inligting en om 'n aansoekvorm.

<b>CALEDON KERSMARK</b> 1 Nov – 6 Nov. 2021 Christa Deipert cd@gaf1.co.za	<b>GANSBAAI KERSMARK</b> 6 Des – 22 Des 2021 Yvonne Roux gansbaai.kersmark@gmail.com
<b>CRAFT EXPO @ LANGEBAAN</b> 24 Des 2021 – 6 Jan 2022 Bertra & Albie craftexpo.lbn@gmail.com	<b>SON &amp; SEE FEESMARK HERMANUS</b> 13 Des 2021 – 8 Jan 2022 Marisa Basson kerkkantoor@ngkerkhermanus.co.za
<b>DISAKLOOF GIFT MARKET BETTY'S BAY</b> 15 Des 2021 – 1 Jan 2022 Elize Boucher disakloofgiftmarket@gmail.com	<b>PAARL FEESMARK</b> 22 Nov – 4 Des 2021 Mangie Du Plessis paarlfeesmark@gmail.com
<b>KLEINMOND KERSMARK</b> 11 Des – 24 Des 2021 Anna-Marie Du Preez adupreez@gmail.com	<b>KERSMARK MET LIEFDE - VILLIERSDORP</b> 24 Nov – 28 Nov 2021 Helmarié van der Merwe info@moetheplanner.co.za
<b>LOURENSRIVIER STRAND FEESMARK</b> 22 Okt – 6 Nov 2021 Annalie Müller lourensriverfeesmark@gmail.com	<b>WESKUS KERSMARK</b> 14 Des – 23 Des 2021 Anna Brand weskusmark@akkerdykkerk.co.za
<b>WORCESTER-OOS KERSMARK</b> 18 Nov – 4 Des 2021 Elzette Du Toit kersmark@ngkworcoos.org.za	

Navrae | 072 269 6592

# Program vir die week

## SONDAG 9 MEI

### Moedersdag

- 09:00: Erediens. Ds. Petrie de Villiers. 250 mense toegelaat. Geen video-boodskap.  
09:00: Dinamiet Kiedz/Belofteland  
17:30: Lifeline Youth

## MAANDAG 10 MEI

19:00 *Rapha Vroue*

## DINSDAG 11 MEI

09:00 *Veritas Bybelskool Module 1/2*

## WOENSDAG 12 MEI

- 08:00 *Senior Manne*  
09:00 *Bidgroep*  
09:00 *Veritas Bybelskool Module 3/4*

## DONDERDAG 13 MEI

19:00 *Hemelvaart Feesdiens. Kantoor gesluit.*

## VRYDAG 14 MEI

- 05:30: *Sakemanne*  
06:00: *Mannebyeenkoms*

## SONDAG 16 MEI

- 09:00: Erediens. Ds. Willem Botes. 250 mense toegelaat. Geen video-boodskap.  
09:00: Dinamiet Kiedz/Belofteland  
17:30: Lifeline Youth  
19:00: Pinksterdiens. Ds. Petrie de Villiers. 250 mense toegelaat. Geen video-boodskap

*Pinksterdienste 19:00 by kerk*

*Sondag 16 Mei, Maandag 17 Mei, Dinsdag 18 Mei, Woensdag 19 Mei, Donderdag 20 Mei*

## DANKOFFER EN BYDRAES

Jy kan ook jou dankoffer en bydraes vir die gemeente deur die  
**ZAPPER selfoon toepassing gee.**

Vir meer inligting of navrae:  
Charlene @ 021 853 5991



Lourensrivier Gemeente  
ABSA (Strand)  
Takkode: 334-312  
Reknr. 420 580 231  
Betalingsbewys asb. aan: [fin@lourensrivier.co.za](mailto:fin@lourensrivier.co.za)

# *Bybelvasura: Ma's van die Bybel*

Bron: Algoagemeente

1. Sy was die eerste Ma in die Bybel gewees,  
Haar twee seuns was Kain en Abel
2. Sy kon nie kinders hê nie, en het haar kind van God afgesmeek.  
Haar seun se naam was Samuel, hy was een van God se grootste profete.  
Sy ma het hom, soos sy die Here beloof het, op die ouderdom van 7 jaar by die tempel gelos om vir die Here te werk.
3. Sy was Isak se vrou en die ma van die tweeling, Jakobe en Esau  
Sy het Jakob gehelp om sy pa te mislei deur te maak of hy Esau is, en daardeur sy broer se eersgeboortereg gekry.
4. Sy is die oudste ma in die Bybel.  
Sy was 90 jaar oud toe haar seun Isak gebore is, haar man was 100 jaar oud.
5. Sy was 'n jong meisie toe die Engel van die Here aan haar verskyn en vir haar sê dat sy 'n Seun gaan hê.  
Sy was verloof aan Josef toe die Engel aan haar verskyn het.  
Sy was die ma van Jesus Christus.
6. Sy was die ma van Johannes die Doper en een wat die Weg vir Jesus voorberei het.  
Sy was Maria, Jesus se ma, se niggie gewees
7. Sy was so 'n goeie skoonma dat haar een skoonogter nie na haar eie mense wou teruggaan na haar man se dood nie.  
Haar Skoonogter, Rut, het saam met haar skoonma na haar land gegaan.
8. Haar man moes 7 jaar vir haar werk en het op die einde 14 jaar vir haar gewerk omdat hy haar so liefgehad het.  
Haar eersgeborene is deur sy broers verkoop en met God se plan, later sy familie van hongersnood gered.
9. Sy was 'n slaaf en haar eienares het gesê dat sy 'n kind by haar man moes hê.  
'n Ruk na die kind se geboorte wou hulle niks met haar te doen hê nie en het haar en die kind die woestyn in gestuur. God het egter self in die woestyn vir hulle gesorg
10. Koning Dawid het gesien hoe sy bad en toe op haar verlief geraak, en 'n kind by haar gehad. Hy het haar man in die oorlog laat doodmaak, en God het die kind laat sterf.  
God het weer vir haar 'n seun gegee, die wyse Koning Salomo.

# Ondersteun ons borge / Ondersteun plaaslik

**KYURITE** 065 816 9617  
**HEARING CARE**  
 • Superior hearing  
 • Medical aid rates • Easy parking access  
 • Hearing Tests • Hearing aids • Batteries  
 • Repair / maintenance • Free consultation workshops  
 • Clinicians on reports and new hearing aids  
 • ...and professional audiologic services  
 Jean/Debbie Haze Centre: Broadview Blvd & De Roma Street, Strand, Strand

**bp helderberg**  
 BROADWAY 87  
 STRAND  
**021 854 7200**

**FIRE UP**  
 • BRAAI AND KAGGEL WOOD  
 • GARDEN REFUSE / RUBBLE REMOVAL  
 Andre 076 019 8278  
**WE DELIVER**

Your Property Consultant  
 Rosette Oosthuizen  
 021 82 872 7200  
 r.oosthuizen@harcourts.co.za  
**Harcourts Platinum**

**JN POOLS**  
 (JEAN NAUDE) 082 559 4285  
 • Free quotes • Care & Repair  
 • Pool Installation • Pool Repairs  
 • Water Saving • Paving  
 info@jnpools.co.za www.jnpools.co.za

**FTH ACCOUNTANTS**  
 Floris Ter Haar  
 Professional Accountant (SA)  
 Tel: 021 854 4398  
 Cell: 082 741 7878  
 Fax: 082 021 854 5741  
 E-mail: floris@fth.co.za  
 20 Convent Street, Strand, 7140  
 Skype: FlorisHaar

**HBP**  
 HELDERBERG BUILD & PAINT  
**STUART JACKSON**  
 082 872 6830 info@hbpconstruction.co.za  
 www.hbpconstruction.co.za

**SASOL**  
 Willie Strydom  
 Trustee & Franchisee  
 Sasol Somerset West Trust  
 20 Bux 1120, Strand, 7140, South Africa  
 Tel: +27(0)21 812 2833  
 Fax: +27(0)21 812 2819  
 Cell: +27(0)78 819 2153  
 willie.strydom@sasol.co.za

**MSA**  
 MARIUS STENEKAMP  
 ACCOUNTANT  
 Unit 2, Little Green  
 George St, Strand, 7140  
 P.O. Box 1178, Strand, 7140  
 Tel: 021 837 1235/6  
 Fax: 086 274 2800  
 Cell: 084 448 4429  
 marius@stenekamp.co.za  
 www.stenekamp.co.za

**Dr Wimpie Basson**  
 B.Sc.D. (Dent) • F.D.S. (Dent)  
**Helderberg Dentists**  
 T: 021 853 7301 F: 021 854 4347 C: 083 429 5472  
 E: drbasson@afrika.com www.helderbergdentists.co.za  
 Hoofweg 115 Main Road, Strand  
 PO Box 422, Strand 7139

**NAILIT**  
 HANDYMAN SERVICES  
 • Painting  
 • Tiling  
 • Roof repairs  
 • Bathrooms  
 QUALITY WORKMANSHIP  
 Pierre Oosthuizen  
 072 929 4373

**www.milk**  
 From Day 1, 24/7 & 365  
 0720409414  
 info@www.milk.co.za  
 www.milk.co.za  
 South Coast  
 @www.milk.co.za

Jou finansiële toekomst  
 • Deursigtige verslaggewing  
 • Deursigtige rekening  
 • Deursigtige skuld  
 • Persoonlike skuld  
 • Assesering in afrika  
 • Inkomstebehoewes  
 Besoek ons op www.fynansiëletoekoms.co.za  
**Wille Frazee**  
 Senior Financial Planner  
 021 853 2919 • 082 466 1284  
 wille@fynansiëletoekoms.co.za

**STRAND KWIKSPAR**  
 Supermarkting Centre, 577 Broadway & De Roma Street, Strand, 7140  
 T: 021 854 2099  
 F: 021 853 7674  
 E: strand@kwikspar.com  
 www.kwikspar.co.za

**Flavor's**  
 CHICKEN GRILL  
 021 854 7774

- Antwoorde –  
 Bybelvasvra:  
 Ma's van die Bybel
1. Eva
  2. Hanna
  3. Rebekka
  4. Sara
  5. Maria
  6. Elizabeth
  7. Naomi
  8. Ragel
  9. Hagar
  10. Badseba

**Koster/Fasiliteitebeampte: NG Gemeente Suider-Strand**  
 Suider-Strand Gemeente, Strand bied tans 'n pos aan vir 'n voltydse koster/fasiliteitebeampte. Die aangewese kandidaat se verantwoordelikhede sal die volgende insluit: ondersteuning aan kerklike aktiwiteite, administrasie en die beheer van fasiliteite (geboue en infrastruktuur), instandhouding en versorging van en toesig oor geboue en terrein.  
**Aansoeke**  
**Aansoeke moet 'n omvattende CV, aansoekbrief en salarisverwagting insluit.**  
**Per hand/pos: Die Bestuurder, Alex Pienaarstraat 21, Strand, 7140 of Per e-pos: admin@ngss.co.za**  
**Navrae: Annette Verwey – Tel: 021 854 5076**  
**Sluitingsdatum: 28 Mei 2021.**  
 Vergoedingspakket sluit 'n onderhandelbare salaris en ruim verlof in.  
 Volle posbeskrywing op navraag beskikbaar. Slegs kandidate wat aan die nodige vereistes voldoen se aansoeke sal oorweeg word. Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.

**DRUIWE**  
 Die Ruimte Sentrum in Millsstraat 96, verkoop weer weekliks heerlike duiwe, vars afgelewer vanaf De Doorns, vanaf Woensdag, 5 Mei 2021.  
 Koste: R80 vir 3.5 kg  
 Plaas asseblief u bestelling teen Maandae vir afhaal op Woensdae.  
 Skakel Jean-Marie / Gerda  
 021 - 854 8234

## LifeLine Jeug: Fondsinsameling

As leiers span is ons baie opgewonde om die fondsinsameling te laat plaasvind op die 8ste Mei, 2021. Ons het met die bemerking begin op die 20ste April, 2021.

Die fondsinsameling is 'n kar was, wat plaasvind in Lourensrivier Gemeente se parkeer terrein. Ons gaan gebruik maak van die parkeerarea voor die kerkkantoor. Dit maak die hele proses meer geriefliker vir ons sowel as die ouers en besoekers wat hulle karre bring.

Voor die kerkkantoor sal daar 'n tafel wees waar al die betalings gaan plaasvind. Ons het toestemming gekry om die Yoco® -kaart masjien te leen. Dit laat die mense toe om of kontant te betaal, of met die kaart. Om die proses nog makliker te maak sal daar ook die opsie gegee word om vooraf 'n EFT-betaling te maak.

Daar sal drie groepe wees, wat elkeen sy eie stasie gaan beman. Soos bo genoem sal daar voor die kerkkantoor 'n tafel wees waar al die betalings gemaak word. Dan beweeg die voertuie aan na die was stasie toe, wat reg oor die ou moederskamer geleë is. Hier sal die tweede groep die voertuie met water af spuit. Die voertuig word dan gewas deur die derde groep, en laastens word die voertuie weer afgespuit. Die proses sal 3-5 minute neem, per voertuig (twee voertuie word op 'n slag gedoen).

Die kragpunt wat gebruik gaan word kom uit die ou moederskamer uit. Ons gaan die kraan by die wasbak van die vertrek ook gebruik. Sodoende hoef ons nie 'n lang tuinslang te koop of te huur nie.

Die seep is klaar geskenk aan die Jeug. Al ander koste verbond aan die fondsinsameling is die waterverbruik. Die koste van water beloop R96,00 (600 liter water per uur teen 4c per liter).

